Stella straat

Romeine 9:1-5

"Om lief te wees vir jou mense"



Tuis-Adoramus 2 Augustus 2020

Geskryf deur Anton Pienaar

TEKS: Romeine 9:1-5

TEMA: Om lief te wees vir jou mense

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen.

Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

Kom ons begin ons paar minute van *stilwees* met 'n **gebed**:

Almagtige God,
die feit dat ek in U glo,
is genade wat U aan my bewys.
Tog oorval die twyfel my so dikwels.
Dankie dat ek kan weet
dat die teenoorgestelde van geloof
nie twyfel is nie, maar ongeloof.
Bewaar my van ongeloof.
Versterk my wanneer die twyfel
in my hart opstaan.
Vader, daar gebeur so baie dinge

rondom my en met my in hierdie wêreld
Wat my laat wonder:
Is U daar?
Weet U van my?
Gee U vir my om?
Ek sien orals tekens van U omgee,
in die wonder van die natuur,
ek hoor dit in die lag van kinders,
in die vergenoegheid van vriende,
in die dankbaarheid van sterwendes.
Dankie dat U my help om te glo.
Amen

Indien dit binne jou vermoeë is luister na die lied van Paul Simon, *Bridge Over Troubled Water*. Simon het die lied van 'n gospelgroep gekry, en hy en Art Garfunkel het dit in 1970 in 'n treffer verander. In wese gaan dit in die lied *om iemand te help wat nood het.* Ek het na die opname van Russel Watson geluister, wat besonders was, en die lirieke verskyn ook op die skerm.

https://www.metrolyrics.com/russell-watson-bridge-over-troubled-water-russell-watson-ml-video-vgj.html

Ons skriflesing is Romeine 9:1-5

Paulus, die groot sendeling en woordvoerder vir Jesus, het 'n ontsaglike liefde vir sy volk, die Jode, gehad. In die vyf verse maak hy sy hart oop oor sy liefde vir sy mense. Hy is hartseer en bedroef oor hulle, en hy is bereid om wat hy glo sy wins is, ter wille van hulle prys te gee. As hulle tog net wil insien hoe die liefde van God na hulle kom in die gestalte van die Christus!

- Kom ons probeer om in die volgende paar minute ons eie geliefdes na die Here te bring. Kom ons probeer om die liefde wat ons vir hulle het, in ons harte te koester, en in gebed voor die Here neer te lê.

- Wie is die geliefde(s) wat nou in jou gedagte opkom? Jou lewensmaat? Jou ouers? Jou kinders? Sal jy jou lewe vir hulle gee? Sal jy alles wat jy het prysgee sodat hulle gelukkig kan wees? Wat sal jy opoffer sodat jou geliefde(s) 'n beter lewe kan hê?
- Paulus se bereidheid om homself te kort te doen, ter wille van ander, kry hy natuurlik by Jesus. Dink jy Jesus se voorbeeld van lewe en woorde is sterk genoeg in jou en my gedagtes? Wil jy nie die Here vra om meer en meer in jou gedagtes te kom woon nie – sodat sy beeld meer en meer in jou en my sigbaar word nie?
- Indien jy kan, word sowat 10 minute stil en dink aan jou liefde vir jou mense, en aan Jesus se liefde vir jou.

Die volgende lied se titel is misleidend. *Air from County Derry* moes eerder wees *I am just an ordinary man.* Die lied van Helmut Lotti is in 1998 vrygestel. In die lied sing hy dat hy hard probeer om ander se lewe beter te maak, om mense se nood te verlig – maar hy is net 'n gewone mens, soos ek en jy en Paulus.

https://www.youtube.com/watch?v=n5fWhIgYyxA

Amen